



Verwysing: 20200715-7007  
Lêernr.: 3/3/2/4/3  
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0021/2020  
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore),  
Adjunkdirekteurs (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

*Kort opsomming: Verlenging van die tydperk vir die benutting van ongebruikte jaarlikse verlofkrediete wat aan die einde van die huidige siklus van 18 maande wegval, (30 Junie 2020).*

**Onderwerp: Verlenging van die tydperk vir die gebruik van jaarlikse verlofkrediete vir staatsdienspersoneellede ingevolge PSCBC se Resolusie 1 van 2020**

1. Ten einde te reageer op die wêreldwye gevaar van die COVID-19-pandemie, het die President van die Republiek van Suid-Afrika die COVID-19-pandemie tot 'n nasionale ramp verklaar en daarna 'n landswye inperking ingevolge die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) ingestel. Hoewel die staatsdiens nie gesluit het nie, word daar kennis geneem dat die inperking met die grasietydperk van die jaarlikse verlofsiklus van 2019 wat op 30 Junie 2020 geëindig het, saamgeval het.
2. Met die oog hierop, is 'n **eenmalige** ooreenkoms vir die doeleindes van die **jaarlikse verlofsiklus van 2019** tussen die Departement van Staatsdiens en Administrasie en georganiseerde arbeid, deur die staatsdiens se koördinerende bedingingsraad (PSCBC), bereik. Daarom word PSCBC se Resolusie 5 van 2001, van 27 Julie 2001, voorts deur PSCBC se Resolusie 1 van 2001, van 29 Junie 2020, soos volg gewysig:
  - 2.1 As 'n eenmalig reëling, keur partye die doeleindes van die jaarlikse verlofsiklus van 2019 soos volg goed-
    - 2.1.1 klousule 7.1(d) van PSCBC se Resolusie 5 van 2001 word aangepas vir die verlofsiklus van 2019 om soos volg te lees:

Die oorblywende dae van ongebruikte verlof vir die jaarlikse verlofsiklus van 2019 word binne 'n tydperk van 24 maande gebruik. Die tydperk van 24 maande eindig op 31 Desember 2020. Alle oorblywende ongebruikte verlof vir die jaarlikse verlofsiklus van 2019 sal daarna wegval. Waar verlof egter weens die werkgewer se diensleweringsvereistes nie geneem is nie, word sodanige verlof aan die einde van die 24 maande tydperk uitbetaal.

3. Die gebruik en bestuur van die ongebruikte jaarlikse verlofdae vanaf die jaarlikse verlofsiklus van 2019 sal onderworpe wees aan die geldende bepalings rakende jaarlikse verlof, soos volgens die Bepaling en Direktief oor Afwesigheidsverlof vir die Staatsdiens, Junie 2018.
4. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke werknemers.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2020-08-04